Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Redewan Larney**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Redewan.Larney@westerncape.gov.za | 021 467 2337

Lêerno.: 28/3/9
Verwysing: 20230322-2742

Omsendbrief: 0010/2023
Vervaldatum: 31 Desember 2023

Aan: Direkteure (distrikskantore), Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Kort opsomming: *Skoolbywoning deur graad 4- tot 12-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde interne eksamen- en assesseringstydperke in Junie en November 2023*

**Onderwerp: Skoolbywoning deur graad 4- tot 12-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde interne eksamen- en assesseringstydperke in Junie en November 2023**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is daartoe verbind om maksimum onderrig- en leertyd te verseker. Met die fokus op die herstel van leerverliese, bly die primêre onderrigdoel om leerders in alle grade aan soveel leergeleenthede moontlik bloot te stel sodat hulle voldoende voorbereid is om na die volgende graad te vorder.

2. Alle personeel by skole en distrikskantore moet kennis neem van die volgende:

2.1 Dit is elke skool se verantwoordelikheid om hul skoolprogram, vir die tydperk tydens en na afloop van die eksamen en assesserings in Junie en November 2023, tot en met die laaste dag van die skoolkwartaal te beplan.

2.2 <u>Skoolbywoning is tydens die skoolgebaseerde eksamen en assesseringstydperk verpligtend</u> vir alle leerders, met die uitsondering van graad 12-leerders wat op vyf studieverlofdae voor die aanvang van 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geregtig is.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

2.3 Leerders mag tydens en na afloop van die assesseringstydperk nie voor 13:00 verdaag nie. Dit is belangrik dat ouers en leerdervervoerskemas voor die tyd van hierdie skooltye ingelig is sodat hulle die nodige alternatiewe reëlings en vervoerreëlings kan tref.

2.4 Daar word van alle opvoeders verwag om tydens die assesseringstydperke vir die volle duur van die skooldag (35 uur per week) by die skool te wees, ongeag of hulle toesighoudende pligte het of nie.

2.5 Skole wat graad 10, 11 en 12 aanbied (waar van toepassing), word daaraan herinner dat geen eksamen voor **31 Mei 2023** en **15 November 2023** mag begin nie. Skole kan egter by die distriksdirekteur aansoek doen vir toestemming om sekere vakke met praktiese eksamens vroeër te begin.

2.6 Skole wat graad 7 tot 9 aanbied, mag nie voor **07 Junie 2023** met hul kontroletoetse, en voor **20 November 2023** met hul finale eksamen begin nie.

2.7 Skole wat graad 4 tot 6 aanbied, mag nie voor **07 Junie 2023** met hul kontroletoetse, en voor **22 November 2023** met assessering in November begin nie.

2.8 Aan die einde van die skooljaar mag geen interne eksamen/assessering voor **01 Desember 2023** eindig nie.

3. Skole moet toesien dat leerders ná 01 Desember 2023 steeds skool bywoon en leerders moet met opvoedkundige aktiwiteite besig gehou word. Op die laaste dag van die skoolkwartaal moet leerders vir minstens drie uur en opvoeders vir minstens vyf uur by die skool wees.

4. Prinsipale word daaraan herinner dat hulle hul eksamenroosters minstens drie weke voor die aanvang van die eksamen en skoolgebaseerde assessering by die kringbestuurder moet indien. Distriksamptenare sal die implementering van hierdie direktiewe monitor.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-03-28